GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2025

| |
|---|
| **10732** |
| **EKONOMIE** |
| **(VRAESTEL 2)** |

**EKONOMIE: Vraestel 2**

10732A

**TYD:** **2 uur**

**PUNTE:** **150**

**12 bladsye**

X05

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde meer as die vereiste hoeveelheid sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Laat 1 – 2 reëls tussen onderafdelings van vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ŉ nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Watter van die volgende is 'n voorbeeld van 'n byna volmaakte mark in Suid-Afrika?

A Landboumarkte
B Die mobiele netwerk-operateurmark
C Die banksektor
D Die lugvaartbedryf

1.1.2 Produkte van 'n monopolistiese mededinger is ...

A identies.
B homogeen.
C uniek.
D gedifferensieerd.

1.1.3 In 'n monopolie markstruktuur is die toetrede van 'n nuwe firma …

A moontlik.
B geblokkeer.
C maklik.
D gratis.

1.1.4 Om die mobiliteit van arbeid te verhoog, kan die regering ... instel.

A belastings
B armoede
C opleidingsprogramme
D inflasie

1.1.5 'n Maatstaf wat prysveranderinge van alle finale goedere en dienste wat in 'n jaar geproduseer word, volg, is:

A Alles-insluitende inflasie
B Stagflasie
C 'n Ekonomiese aanwyser
D Totale inflasie

1.1.6 Watter tipe land hou die mees onbenutte potensiaal vir toerismegroei in?

A Europese
B Ontwikkelde
C Ontwikkelende
D Australasiese

1.1.7 Hoe noem ons die maatreëls wat toegepas word om ekostelsels se uitwissing te voorkom?

A Intervensie
B Bewaring
C Akkumulasie
D Beskerming

1.1.8 Watter van die volgende sal die meeste onderhewig wees aan omgewingsbelasting?

A Landbou produkte
B Opvoedkundige dienste
C Verblyf dienste
D Motorbande (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat ooreenstem met 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Pareto-doeltreffendheid | A die eksklusiewe reg om 'n produk te vervaardig |
| 1.2.2 Patent | B 'n daling in die algemene prysvlak |
| 1.2.3 Mededingingstribunaal | C hotelle, restaurante, parke en ontspanningsdienste |
| 1.2.4 Oligopolie | D verantwoordelik vir die bevordering van mededinging |
| 1.2.5 Deflasie | E eksklusiewe bemarkingsregte |
| 1.2.6 Tersiêre sektor | F geen individu kan beter daaraan toe wees sonder om 'n ander slegter daaraan toe te maak nie |
| 1.2.7 Koopkrag | G wat 'n geldeenheid kan koop |
| 1.2.8 Bio-afbreekbaar | H 'n paar verkopers oorheers die mark |
| | I kan ontbind en in die omgewing geassimileer word |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Koste wat dieselfde bly ongeag die vlak van produksie-uitset

1.3.2 Produkte wat in voorkoms, grootte en kwaliteit verskil

1.3.3 Die minimum bedrag wat werkgewers wettiglik aan hul werkers mag betaal

1.3.4 'n Verskeidenheid plant- en dierspesies wat in 'n sekere omgewing leef

1.3.5 Buitensporige-inflasionêre toestande waar die algemene prysvlak met meer as 50% per maand styg

1.3.6 'n Promosie strategie wat gebruik word om internasionale besoekers te lok

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van openbare dienste wat positiewe eksternaliteite genereer. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom sou 'n firma in 'n volmaakte mark nie die prys van sy produk verhoog nie? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MAKSIMUM PRYSE**




**[Aangepaste bron]**

2.2.1 Identifiseer die maksimum prys wat in die grafiek getoon word. (1)

2.2.2 Wat is die marktekort soos uitgebeeld in die grafiek? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *minimumprys*. (2)

2.2.4 Verduidelik die voordeel van die vasstelling van prysvloer op goedere. (2)

2.2.5 Hoe kan verbruikers deur maksimum prysbeheer negatief beïnvloed word? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOMMISSIE VERWELKOM TRIBUNAALBESLUIT OM DIE VOORGESTELDE SAMESMELTING TUSSEN VODACOM EN MAZIV TE VERBIED**

Die Mededingingskommissie verwelkom die besluit van die Mededingingstribunaal om die voorgestelde samesmelting tussen Vodacom (Edms) Bpk en Business Venture Investments (Maziv) te verbied. Die voorgestelde samesmelting sou daartoe gelei het dat die land se grootste mobiele operateur, Vodacom, 'n beherende belang in een van Suid-Afrika se grootste vesel-infrastruktuur-spelers, Maziv, verkry. Vodacom het ook vesel-bates (fiber) wat na Maziv oorgedra sou gewees het.

**[Aangepas uit Die Mededingingskommissie van Suid-Afrika]**

2.3.1 Identifiseer die uitkoms van die samesmeltingsbesluit wat deur die Mededingingstribunaal geneem is uit die bostaande uittreksel. (1)

2.3.2 Noem die instelling waaraan die Mededingingskommissie sy aanbevelings voorlê. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *samesmelting*. (2)

2.3.4 Waarom reguleer die regering samesmeltings? (2)

2.3.5 Bespreek kortliks die voordele van die Mededingingswet vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *produktiewe doeltreffendheid* en *allokasiedoeltreffendheid*. (2 x 4) (8)

2.5 Ondersoek waarom volmaak mededingende markte nie in realiteit bestaan nie. (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE beleide wat gebruik word om inflasie te bestry. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter effekte het lugbesoedeling op die omgewing? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OMGEWINGSAGTERUITGANG**



**[Bron: Google Prente]**

3.2.1 Noem EEN metode om besoedeling deur gevaarlike afval te verminder. (1)


3.2.2 Noem die internasionale ooreenkoms wat op die beheer van gevaarlike afval fokus. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *besoedeling*. (2)

3.2.4 Verduidelik die effek van gronderosie op voedselproduksie in Suid-Afrika. (2)

3.2.5 Hoe beïnvloed gevaarlike afval die omgewing? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit *travelnews.co.za*]

3.3.1 Identifiseer enige tipe toerisme wat in die inligting hierbo genoem word. (1)

3.3.2 Noem EEN voordeel van toerisme vir huishoudings. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *toerisme*. (2)

3.3.4 Verduidelik die positiewe impak van toerisme op die omgewing. (2)

3.3.5 Hoe kan toerisme help om werkloosheid te verminder? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek kortliks die *Produksieprysindeks* en die *Verbruikersprysindeks*. (4 x 2) (8)

3.5 Ondersoek die omgewingsbekommernisse wat deur verbruikers oor die hoof gesien word wanneer hulle goedere en dienste koop. (4 x 2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE eienskappe van openbare goedere. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom maak 'n swakker rand Suid-Afrika 'n aantrekliker toeristebestemming? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KOSTE-VOORDEEL-ANALISE**

As gevolg van vloede is baie paaie weggespoel. Die regering oorweeg dit om 'n nuwe pad te bou wat R100 miljoen sal kos.

'n Tolhek sal geïnstalleer word om van die koste te verreken. Daarbenewens sal eksterne koste en voordele in ag geneem moet word wanneer 'n finale besluit geneem word.

**VOORDELE EN KOSTE**



- Besoedeling
- Vestiging van nuwe besighede
- Padkonstruksietoerusting
- Werkgeleenthede tydens konstruksie

**[Aangepas uit *Financial Mail*]**

4.2.1 Identifiseer EEN private koste uit die inligting hierbo. (1)

4.2.2 Noem EEN tipe instelling wat 'n koste-voordeel-analise vir besluitneming gebruik. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *koste-voordeel-analise.* (2)

4.2.4 Hoe kan tolgeldinvordering bydra tot die haalbaarheid van 'n nuwe padprojek? (2)

4.2.5 Waarom is dit belangrik om die omgewingskoste in te sluit wanneer 'n nuwe padprojek geëvalueer word? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**STAGFLASIE: SUID-AFRIKA NOG NIE UIT DIE GEVAARSONE NIE**

Vroeër vandeesmaand het die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) bevestig wat baie reeds gevoel het: “Die ergste lê nog voor.”




In sy Wêreldekonomiese Vooruitsig het die IMF voorspel dat wêreldwye groei tot 2,7% in 2023 sou verlangsaam, 0,2 persentasiepunte laer as wat in Julie geprojekteer is, met 'n 25% waarskynlikheid dat dit onder 2% kan daal.

**[Aangepas uit *Mail & Guardian*]**

4.3.1 Identifiseer die groeikoers wat deur die IMF in die teks voorspel word. (1)

4.3.2 Noem EEN metode wat gebruik word om inflasie te meet. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *stagflasie*. (2)

4.3.4 Verduidelik waarom die IMF die inflasietendense in lande regoor die wêreld dophou. (2)

4.3.5 Waarom is dit moeilik om inflasie te beheer tydens periodes van lae ekonomiese groei? (2 x 2) (4)

4.4 Vergelyk 'n volmaakte mark met 'n monopolistiese mark in terme van *marktoegang* en *aard van die produk*. (4 x 2) (8)

4.5 Hoe kan minder bekende bestemmings bemark word om meer toeriste te lok? (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laer-orde reaksie.<br>• 'n Goeie beginpunt sou wees om die hoof-konsep wat met die vraag-onderwerp verband hou te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag in die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/ Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte mag toegeken word vir opskrifte/ voorbeelde.** | Maks. 26 |
| | |
| **Bykomende deel:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/ Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote lys van feite.** | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige gevolgtrekking van hoër orde moet insluit:<br>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat reeds genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunings-inligting om bespreking/ analise te versterk<br>• 'n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die faktore wat tot die wanallokasie van hulpbronne in die mark lei. (26)
- Hoe kan die negatiewe gevolge van minimumlone vir eerste-keer werksoekers versag word? (10)

**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE SAKE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Ondersoek in besonderhede die gevolge van inflasie. (26)
- Hoe beïnvloed die invloei van buitelandse direkte beleggings inflasie in Suid-Afrika? (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**